Opvoedkundige Sielkundige
MARI FRASER
MEd (Opv Slk), BEd (Skoolvoorligting), FDE Rem, HOD, BA

Praktyk nr.: 0337730
Geregistreer by die Mediese en Tandheelkundige Raad
van Suid Afrika (PS 0107409)

Ou Middelburg no. 10
Frame straat 32B
MIDDELBURG, 1055

Sel: 082 387 5445
Faks: 086 557 5501
mari.fraser@absamail.co.za
www. marifraseredpsych.weebly.com

Suite MW 234
Privaatsak X1838
MIDDELBURG
1050

# HOE KAN EK MY KIND SE AANDAG en KONSENTRASIE BEVORDER?

*(Opgestel deur Mari Fraser)*

**Wat behels aandag en konsentrasie?** Dit is 'n verstandsproses waarby 'n persoon sy denke op 'n spesifieke stimulus (bv. wat hy sien, hoor, voel) moet fokus en ander 'minder belangrike' stimulusse moet ignoreer.

U kind gaan volgende jaar amptelik met formele onderrig begin en daarom moet hy/sy in staat wees om sy/haar aandag te *rig* en te *hou* by die situasie of taak vir 'n spesifieke tydsduur. Dit is belangrik dat hy/sy die rigting, duur en intensiteit van sy/haar aandag moet kan beheer. Hier is 'n paar praktiese wenke waarop u die vakansie kan fokus:

## Sleutelwoorde en -sinne

Wanneer u kind se aandag weg dwaal van dit waarmee hy/sy besig is, sê byvoorbeeld: "*shoe, maar dit wat jy hier teken lyk darem interessant, jong*" of "*jou Juffrou gaan darem trots wees op hierdie werkie wat jy vir haar gaan klaar maak*". U kind sal gemotiveerd voel om dit te probeer klaar maak.

## Entoesiasme

As u vir u kind in 'n eentonige stemtoon **'n opdrag gee/storie lees/boodskap gee**, is die kanse goed dat hy/sy nie gaan hoor wat u vir hom/haar sê nie. Probeer die volgende:

- u moet oogkontak met u kind verkry (aanraking help ook om sy/haar aandag te verkry);
- sy/haar aandag vasvang deur entoesiasties, maar ferm met hom/haar te praat;
- maak gebruik van verskillende stemtone deur soms *sag of hard* en *hoog of laag* te praat;


©KOPIEREG

- gebruik liggaamsgebare, gesigsuitdrukkings en u oë op interessante maniere om u kind se aandag te behou;
- opdragte moet aanvanklik kort en eenvoudig gehou word;
- vertel u kind wat u graag wil hê hy/sy moet doen en **nie** wat hy/sy **nie** moet doen nie.

**Stap-vir-stap-instruksies**

Te veel opdragte op een slag, gaan u kind verwar. Breek dit op in kort en eenvoudige instruksies en waar moontlik, in logiese volgorde.

**Verskeidenheid**

Maak gebruik van 'n verskeidenheid van aktiwiteite (*sien speletjies*) om u kind geïnteresseerd te hou sodat hy/sy kan leer om vir langer tydperke aaneen stil te sit, aandag te gee en sy/haar werkies te voltooi. Dis belangriker dat hy/sy aanvanklik 'n aantal "*kleiner*" aktiwiteite voltooi, as wat hy/sy iets "*groots*" aanpak en dit nie klaar kan maak nie. Kinders moet van kleins af deursettingsvermoë aanleer.

**Volg op en gee gereelde terugvoer aan u kind**

Wanneer u kind 'n opdrag/te gekry het om te doen, volg dit op en maak seker dat u kind dit korrek geïnterpreteer en uitgevoer het. Positiewe terugvoer aan u kind is uiters belangrik – enige kind hou daarvan om geprys te word. Moedig u kind aan om met vrymoedigheid te vra as hy/sy iets nie verstaan het nie – dis beter dat u kind liewer weer vra, as wat hy/sy te bang is en nie die opdragte uitvoer nie. Toon opregte en intense belangstelling in wat hy/sy doen.

**Speletjies**

Daar is 'n verskeidenheid van aktiwiteite wat u kan gebruik om u kind se aandag, deursettingsvermoë, geheue en konsentrasie te bevorder. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Geheue kaartjies met prentjies, waarvan pare gevind moet word;
- Gewone speelkaarte kan op verskeie maniere gebruik word;
- Legkaarte;
- Speletjies waar die kind probleme moet oplos (bv. die Tangram van SMILE en Brainy Blocks);
- "My kleine ogies sien iets wat ……" (noem eers twee eienskappe van 'n voorwerp, en brei dit later uit tot 5) – dit is 'n lekker speletjie as mens iewers heen ry;
- Wys flitskaarte van prentjies (eers 1, later meer en dit kan uitgebrei word na hoeveelhede, kleur, ens);


©KOPIEREG

- SMILE Education het ook baie speletjies wat gebruik word om 'n verskeidenheid van vaardighede te ontwikkel (Geocubes, My Line, Finger Fun, Spinner Pictures, 3D Designs, Lady Bird Dominoes, Logi Shape, Pegboard Play, Pick-A-Match, Constructa, ens);
- Gebruik kleur prente in boeke en laat u kind dit vir 'n minuut lank bekyk, neem dit weg en vra hom/haar om vir jou te vertel wat hy/sy kan onthou;
- Lees aanvanklik kort stories aan hom/haar voor en vra hom/haar om jou te vertel wat hy/sy kan onthou.

***Onthou*** dit is belangrik dat:

- u kind gefokusde, volgehoue en selektiewe aandag gee aan die aktiwiteit waarmee hy/sy besig is;
- u kind die aktiwiteit voltooi en geprys word daarvoor;
- u nie krities is oor sy/haar pogings nie;
- sy/haar selfbeeld gebou word in die proses;
- u bewus is van hoe lank u kind se aandagspan is – pasop om dit nie te oordoen nie – hy/sy moet dit as genotvol ervaar!


©KOPIEREG